# Hoofstuk van die dag: Judas

> *Van Judas, 'n dienaar van Jesus Christus en 'n broer van Jakobus. (Jud 1)*

Judas, die skrywer van hierdie brief (eintlik is dit eerder 'n preek), was die broer van Jakobus, wat destyds die leier van die moedergemeente in Jerusalem was. Hulle was albei jonger seuns van Josef en Maria en halfbroers van die Here Jesus (Mark 6:3), maar hulle het nie in Hom geglo tydens sy aardse bediening nie (Joh 5:7). Iewers ná Jesus se opstanding het hulle ook begin glo, en later leiers in die vroeë kerk geword.
Dit is merkwaardig dat nóg Judas, nóg Jakobus, in hulle onderskeie briewe sê dat hulle Jesus se jonger broers is. Dit sou seker groot aansien vir hulle persoonlik gebring het. Maar hulle doen dit nie. Albei volstaan daarmee dat hulle dienaars van Jesus Christus is. Want dis hulle eintlike identiteit: dienaars van Jesus Christus.
Op die ou end is dit nie van belang wie jou ouers of jou broer of jou suster of jou persoonlike vriende is nie. Dís nie wat jou belangrik maak in hierdie wêreld nie. Jy is belangrik omdat jy 'n dienaar van Jesus Christus is. Soos Judas en Jakobus.
Daarom, tel jou kop op en dien Hom onbeskaamd.

*Naskrif:* Môre begin ons met Handelinge.

## Onlangse Bydraes

- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking
- Bybelkarakters – Adam

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede

© Bybelkoerant 2018 – 2026